

# DISSIPELSKAP. LES 16

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> HANDELINGE 4:23 – 7:60
---	---

**Maak beurte** en **deel/vertel kortliks (of lees)** van jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Handelinge 4:23 – 7:60). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS]</i> MATTEUS 4:4
---	--

## A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(2)

Woord Matteus 4:4	
Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.” Matteus 4:4	Matteus 4:4

### 1. Wat is die implikasie van die woorde, “Daar staan geskrywe”?

Jesus gebruik hierdie uitdrukking as Hy die Bybel aanhaal. Jesus het 'n hoë dunk van die Bybel gehad. Hy het die Bybel as die finale toetssteen vir die waarheid in leer en lewe (geloof en gedrag) beskou. Hy het die Bybel as die hoogste hof van hoër beroep m.b.t. alle argumente beskou. Ten einde 'n antwoord te gee op die versoeking van die Satan haal Jesus drie keer die Bybel aan (Deuteronomium 8:3; Deuteronomium 6:16; Deuteronomium 6:13).

### 2. Hoe het die gesproke Woord van God in die verlede die lewe aan mense gebring?

(1) Eerste voorbeeld.

In die eerste hoofstuk van die Bybel staan geskrywe, “Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.” (Genesis 1:3). Die woord wat uit God se mond kom was so kragtig dat dit alles wat bestaan uit niks geskep het: die heelal met al die sterre, die aarde en alles daarop (Psalm 33:6; Hebreërs 11:3).

(2) Tweede voorbeeld.

God het die Israëliete vir 40 jaar deur die woestyn gelei om hulle sy mag te laat ervaar en hulle op die proef te stel (Deuteronomium 8:2-3). God het die Israëliete onder druk geplaas om hulle op die proef te stel. Hulle was in 'n woestyn en het honger gely. Hoewel God in elk geval weet wat daar in die mens se hart aangaan, het Hy hulle op die proef gestel om dit wat in hulle harte was, aan die lig te bring. Maar God het vir hulle onder hierdie druk ook gesorg. Deur sy gesproke woord het Hy vir hulle “manna” geskep om te eet. Hy het ook gesorg dat hulle klere nie verslyt het nie en dat hulle voete nie opgeswel het nie. God het hulle onder druk geplaas sodat hulle nie op hulleself of op die Egiptenare sou gaan vertrou nie, maar net op God. God wou hulle én ons leer dat die mens op aarde heeltemal afhanklik is van God se gesproke woord wat ons elke oomblik aan die lewe hou. In Hebreërs 1:3 word van Jesus Christus gesê, “Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand”, d.w.s. sy gesproke woord hou alles wat geskep is in stand!

(3) Derde voorbeeld.

Die engel Gabriël het vir Maria gesê, “Niks (letterlik: geen gesproke woord) is vir God onmoontlik nie” (Lukas 1:37)! Hy verwys na die feit dat Maria sonder dat sy 'n verhouding met 'n man gehad het 'n seun sou kry. Jesus Christus het die menslike liggaam aangeneem deur die magtige gesproke woord van God en die Gees wat in haar gewerk het (Lukas 1:34-38).

(4) Vierde voorbeeld.

Na veertig dae van vas, was Jesus honger. Die duiwel probeer om dit te misbruik deur Jesus te versoek om nie op God te vertrou nie, maar op sy eie vermoë om brood te skep. Die duiwel probeer altyd om mense te laat glo dat hulle hul eie lewensomstandighede kan skep en God glad nie nodig het nie. Maar Jesus het geantwoord dat God alleen alles wat ons vir die lewe nodig het, kan skep deur sy gesproke woord (vgl. Johannes 5:17). As God nie 'n skeppende woord spreek nie, kan 'n gelowige of ongelowig mens nie asem haal, eet of lewe nie!

### 3. Waarom is elke woord wat God spreek vir mense belangrik?

God se gesproke woorde is so kragtig dat Hy die lug geskep het wat ons inasem, dat Hy die reën en sonskyn skep wat jy nodig het om voedsel te produseer. As God nie 'n skeppende woord spreek nie, dan gaan niks bestaan en groei nie! Hy onderhou almal en alles! Daarom sê Jesus dat 'n mens alleen kan leef van elke woord wat uit die mond van God kom! God se gesproke woorde is 'n uitdrukking van sy soewereine koningskap (almagtige heerskappy) oor alles in die skepping en alle skepsels, en oor alle omstandighede en gebeure in die geskiedenis!

### 4. Waarom is elke geskrewe woord van God vir mense belangrik?

God het beveel watter van sy gesproke woorde opgeteken moes word in die Bybel. Die Bybel bevat die geskrewe woorde van God! Die geskrewe woorde van God in die Bybel is ook kragtig en effektief. Daaronder weet geen mens hoe God wil hê dat hy moet leef nie. Die geskrewe woorde van God openbaar die geheime van God (Lukas 8:10), breek verharde harte oop soos 'n hamer 'n rots stukkend breek en vernietig valse menslike argumente soos vuur strooi verbrand (Jeremia 23:29). Die geskrewe woorde van God beoordeel die bedoelings en gedagtes van die menslike hart (Hebreërs 4:12), red mense wat sy woorde glo (Romeine 10:13-17) en laat gelowige mense geestelik groei (1 Petrus 2:2). Die geskrewe woorde van God is nuttig om die waarhede van God te onderrig, om dwaling van mense te bestry, om verkeerdhede reg te stel en die man wat in die diens van God staan toe te rus vir elke goeie werk (2 Timoteüs 3:16-17).

## B. MEMORISERING EN HERSIENING

1. Skryf die Bybelvers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein notaboekie.
2. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier. (2) Die Woord Matteus 4:4.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute)	[VERHOUDINGS] VERHOUDING MET VRIENDE. JOHANNES 15:13-15
---	-------------------------	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Johannes 15:13-15.

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<b>Lees.</b> KOM ONS LEES Johannes 15:13-15 saam. Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? OF WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART? <b>Teken aan.</b> Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek. <b>Deel.</b> (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel. (Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)	

15:13

### Ontdekking 1. Ek was vroeër 'n vyand, maar word nou 'n vriend van Jesus Christus genoem.

Jesus het gesê dat dit die grootste liefde is as iemand sy lewe vir sy vriende aflê. Wat my diep geraak het, is die feit dat Jesus Christus my "sy vriend" noem. Romeine 5 sê wát ek vroeër was voordat ek 'n Christen geword het. Ek was toe swak, goddeloos, 'n sondaar en 'n vyand van God! Ek het 'n slegte karakter gehad en was heeltemal magteloos om myself te verander. Hoewel ek geglo het dat "'n god" bestaan het, het ek 'n verkeerde beeld van wie God eintlik was, gehad. Ek het gedink dat Hy so hoog verhewe is dat niemand 'n persoonlike verhouding met Hom kon hê nie. Ek was godsdienstig, het elke dag 'n paar maal gebede opgesê en selfs gevas, het sekere bedrae geld gegee en my so gehou by godsdienstige voorskrifte in die hoop dat ek eenmaal in die Paradys sal kom. Ek kon my nie indink dat dit moontlik was dat God my vriend wou wees nie. En tog noem Jesus Christus my "sy vriend"! Ek het vriende hier op aarde, maar nie een van hulle is soos Jesus Christus nie! Hy't gesê dat Hy altyd baie naby my wil wees en baie graag alles saam met my wil doen. Dit is 'n geweldige ontdekking dat ek as 'n ou vyand van Jesus Christus nou sy vriend mag wees!

15:14

Ontdekking 2. Vriendskap bring verantwoordelikhede.

Jesus het gesê, “Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel” (Johannes 15:14). Ek begryp wel dat egte vriendskap nie vanself ontstaan nie. Vriendskap bring verantwoordelikhede. Jesus sê dat ek net sy vriend kan wees as ek sy bevel gehoorsaam. Vóór hierdie woorde het Jesus gesê, “Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly” (Johannes 15:9-10). Dit is dus my verantwoordelikhede om sy geboorte te bestudeer en dit dan te doen. Dit is ’n ontdekking dat vriendskap nie goedkoop is nie, maar inspanning verg.

**STAP 3. VRA.**

**VERDUIDELIKINGS**

**Oorweeg.** WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA? Kom ons probeer al die waarhede in Johannes 15:13-15 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

**Teken aan.** Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

**Bespreek.** (Kies dan ’n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.) (Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

15:13

Vraag 1. Wat beteken: “lewe vir sy vriende aflê”?

**Aantekeninge.** Ons moet onderskeid maak tussen hoe Jesus sy lewe vir sy vriende afgelê het en hoe ons óns lewens kan aflê vir mense wat ons ons vriende noem.

(1) Die liefde van Jesus Christus is absoluut uniek!

Die liefde wat Jesus Christus vir mense gehad het toe Hy aan die kruis vir hulle gesterf het, is absoluut uniek! Drie uitstaande kenmerke van sy liefde dui hierdie uniekheid aan:

- Sy liefde het oneindige waarde – dis goddelike liefde, is volmaak selfopofferend en ‘n ewige liefde
- Sy liefde is plaasvervangend – Hy moes sy lewe verloor om my die egte lewe te gee
- Sy liefde lei tot verlossing van alle kwaad – dit het absoluut volmaakte en ewige gevolge

Hierdie kenmerke van sy liefde kan nie die model vir ons liefde wees nie want dit kan nooit nageboots of nagevolg word nie! Jesus Christus het nie alleen tot ons voordeel en nut gesterf nie, maar het in ons plek gesterf! Sy liefde het ons plek van sonde en straf ingeneem sodat ons in plaas daarvan s plek van volmaakte geregtigheid en ewige lewe mag inneem! Hy het die angs deurstaan om deur God verlaat te word, sodat ons wat in Hom glo nooit meer deur God verlaat sou word nie (d.w.s. in die ewige verdoemenis gegooi sal word nie)! Sulke plaasvervangende liefde kan ons mense nooit hê of aan ons vriende gee nie!

(2) Die liefde van Jesus is egter ook ’n voorbeeld.

Johannes 15:12-13 sê, “Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê”. Sy gebod is dat ons mekaar moet liefhê soos Hy ons liefgehad het. Daar is geen groter liefde as om jou lewe vir jou vriende te gee nie. Daar is dus wel ’n manier om Jesus se voorbeeld na te volg. Die kenmerk van Jesus Christus se liefde, wat ons wel kan navolg, is die selfopofferende aard van sy liefde. Jesus se woorde klink dan só, “Julle moet mekaar selfopofferend liefhê, soos Ek julle selfopofferend liefgehad het.” Ons het selfopofferend lief wanneer ons onself en ons eie belange eenkant toe skuif ten einde die ander lief te hê. Selfopofferende liefde het ’n hoë prys. Dit kos miskien geld, energie en selfverloëning. Hoewel ek dus nie *plaasvervangende liefde* aan my vriende kan gee nie, kan ek hulle wel *selfopofferende liefde* gee. Ek gee my lewe, nie deur te sterwe nie, maar deur vir die belange van my vriende te leef.

(3) Die eerste kenmerk van Christelike vriendskap.

Die eerste kenmerk van christelike vriendskap is dat egte vriendskap altyd die inisiatief neem en ’n selfopofferende bydrae ten gunste van die ander maak. ’n Christelike vriend vra nooit, “Wat kan ek uit hierdie vriendskap haal?” nie. Hy vra altyd, “Wat kan ek tot hierdie vriendskap bydra?”

15:14

Vraag 2. Waarom kan iemand net ’n vriend van Jesus wees as hy die geboorte van Jesus gehoorsaam?

**Aantekeninge.**

(1) Die verantwoordelikhede van Jesus: Hy het ons lief met ’n neerbuigende liefde.

As ek nie slaag om sommige geboorte van Jesus Christus te gehoorsaam nie, is ek dan nog steeds sy vriend? Dis ’n interessante vraag. Laat ons kyk hoe Jesus se dissipels was. Op pad na die Paasmaal was daar onenigheid oor die vraag wie van hulle die belangrikste was (Lukas 22:24). Toe hulle by die bovertrek aankom, was nie één bereid om die voete van die ander te was nie (Johannes 13). Na die maaltyd kon hulle nie eens ’n uur lank wakker bly terwyl Jesus gebid het nie. Toe die bende kom om Hom te arresteer, het Petrus gewelddadig geraak en met sy swaard een se oor afgekap. Daarna het al die dissipels Jesus in die steek gelaat en gevlug. Die volgende oggend vroeg het Petrus Jesus driemaal

verloën. Die dissipels vertoon net swakheid en karaktergebreke! En tog, ten spyte van die feit dat Jesus geweet het dat dit alles gaan gebeur, het Hy sy dissipels sy “vriende” genoem! Hoe neerbuigend minsaam was die liefde van Jesus nie! Jesus se liefde vir ons as sy vriende word nie bepaal deur ons swakhede en gebreke nie, maar alleen deur sy plaasvervangende en selfopofferende liefde vir ons!

(2) Die verantwoordelikheid van die dissipels: hulle moet hulle vriendskapsverhouding ontwikkel op sy voorwaardes.

Ten einde Jesus se vriende te bly, moet die dissipels hulle vriendskapsverhouding met Hom ontwikkel op sy voorwaardes. Vriendskap met Jesus Christus is onmoontlik as ons dit op óns voorwaardes bou en alleen moontlik op sý voorwaardes! Jesus Christus bepaal wat hierdie vriendskap moontlik maak en wat nie tot hierdie vriendskap behoort nie. Hy is die Een wat die voorwaardes en grense vir die vriendskapsverhouding bepaal! Hy is die Een wat die gebooe opgestel het. Dis belangrik. Die vriendskap met Jesus Christus is nie soos vriendskap in die wêreld nie. Vriendskap in die wêreld word bepaal deur ’n kombinasie van gemeenskaplike voorkeure en afkere, gevoelens wat aantrek en afstoot, saam opgewonde wees en saam dinge doen. Maar vriendskap met Jesus Christus is anders: dit het bepaalde standaarde en grense. Slegs Jesus Christus bepaal die voorwaardes en grense van hierdie vriendskapsverhouding. Mense kan alleen vriende van Jesus Christus wees as hulle sy bevele gehoorsaam uitvoer.

(3) Die liefde van Jesus vir ons en ons liefde vir Hom is moontlik omdat ons sy uitverkore volk is.

Hoe kan ons ons verantwoordelikheid om sy bevele gehoorsaam uit te voer, rym met sy neerbuigende liefde vir ons wat soveel swakhede en tekortkominge het? Die antwoord is in Johannes 15:19 waar Jesus sê dat Hy sy dissipels uit die wêreld uitgekies het. Hy het sy dissipels uitgekies om syne te wees en by Hom te wees. Hy het hulle gered uit die oorheersende mag van die duiwel en sonde. Hy sou binnekort (na sy hemelvaart) sy Heilige Gees op hulle uitstort. Deur die krag en wysheid van die Heilige Gees sou sy dissipels in staat wees om die opdragte van Jesus Christus uit te voer.

Jesus Christus behandel ons vandag dieselfde. Hy vereis van ons alleen dinge wat Hy ook uit genade aan ons skenk! Jesus Christus vra nooit iets onredeliks van ons nie. Uit genade gee Hy wat nodig is om Hom te gehoorsaam. Jesus Christus beveel ons om Hom te gehoorsaam, maar skenk ook die Heilige Gees aan ons om ons weergebore te laat word en ons te heilig, sodat ons Hom WIL, KAN en SAL gehoorsaam! “Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees.” (1 Petrus 1:1-2)!

(4) Die tweede kenmerk van christelike vriendskap.

Die tweede kenmerk van christelike vriendskap is dat egte vriendskap altyd vereiste standaarde en grense het wat bepaal word deur die gebooe, bevele en onderrig van Jesus Christus. Christelike vriende volg nooit die weë en standaarde van die sondige wêreld nie, maar wel die weë, standaarde en grense wat deur Jesus Christus in die Bybel bepaal is. Ware vriende van Jesus Christus WIL, KAN en SAL die gebooe, bevele en onderrig van Jesus Christus gehoorsaam en volg. Goeie vriende op aarde het altyd die gebooe, bevele en onderrig in die Bybel as die standaard en grense waarbinne hulle hul vriendskappe ontwikkel.

---

15:15

### Vraag 3. Waarom word die dissipels van Jesus nie langer “slawe” genoem nie?

**Aantekeninge.** Jesus het gesê, “Ek noem julle nie meer slawe nie, want ’n slaaf weet nie wat sy baas doen nie; Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van die Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het”. Vroeër die aand het Jesus aan hulle gesê, “As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Dít verseker Ek julle: ’n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en ’n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie.” (Johannes 13:14-16).

(1) Die woord “slaf” beklemtoon die posisie van die dissipels.

Die woord “slaf” beklemtoon die posisie van die dissipels in hulle verhouding tot hulle Leermeester en Here, Jesus Christus, en ook hulle posisie ten opsigte van mekaar – niemand onder die dissipels is meester of heer oor die ander nie. Jesus het hulle die belangrikheid van nederige diensbaarheid geleer. In die wêreld is ’n slaaf nooit groter as sy eienaar nie. Maar as die Leermeester, Jesus, sy slawe se voete was, hoeveel te meer sou die slawe dan mekaar se voet moet was? “Voete was” was destyds die werk van die laagste slaaf in die huishouding. Hy moes die stowwerige voete van alle gaste was. “Voete was” beteken dat die dissipels bereid moet wees om die laagste posisie in die groep in te neem en die werkies te doen wat niemand anders wil of kan doen nie. Johannes 13 beklemtoon die dissipels se posisie tot hulle Leermeester en Here en tot mekaar. Die posisie van ’n Christen is altyd die van ’n “slaf”.

(2) Die woord “vriend” beklemtoon die intieme verhouding met die dissipels.

Die woord “vriend” beklemtoon die intieme (besonder persoonlike en vertroulike) verhouding van die dissipels m.b.t. Jesus Christus, en ook hulle intieme verhouding met mekaar. Jesus het sy dissipels al baie belangrike dinge vertel.

- Hy het hulle vertel waarom Hy na die aarde gekom het – God die Vader het Hom gestuur om die verlore mense te soek en te red.
- Hy het hulle vertel waarom Hy moes sterf – om die straf vir die sonde van mense te dra.
- Hy het hulle vertel waarom Hy die aarde gaan verlaat – om die Heilige Gees op hulle uit te stort en om hulle ewige blyplek te gaan voorberei.

- Hy het hulle vertel hoe mense gered kon word – deur in Hom te glo.

Oor die algemeen vertel base nooit sulke dinge vir hul slawe nie. Maar Jesus het hierdie intieme sake vir sy dissipels vertel, omdat sy dissipels sy vriende geword het! Die woord “slaf” is nie meer toepaslik om die intieme verhouding tussen Jesus en sy dissipels aan te dui nie. Johannes 15 beklemtoon die dissipels se persoonlike en vertroulike verhouding tot Jesus en tot mekaar. Die persoonlike en vertroulike verhouding van ’n Christen is altyd die van ’n “vriend”.

(3) Die derde kenmerk van christelike vriendskap.

Die derde kenmerk van christelike vriendskap is dat egte vriendskap altyd openlik met mekaar deel wat hulle van God die Vader geleer het. Christen vriende weerhou nooit die beste dinge wat hulleself geleer het van mekaar nie, maar deel met mekaar wat hulle in die Bybel geleer het. Christen vriende trek altyd mekaar boontoe.

(4) Christene is nie langer slawe van die Wet nie, maar vriende van die Wetgewer, Jesus Christus.

Daar is nog ’n verskil tussen ‘slawe’ en ‘vriende’. Die Jode het ‘swaar en ondraaglike laste’ gekry om te dra. Die ondraaglike laste is ’n verwysing na die menslike wette, reëls en tradisies wat die Fariseërs aan die Jode opgelê het (Matteus 23:4). Die Jode het “slawe” van die Wet geword wat. Die Wet het bestaan uit 365 verbodinge en 248 gebooe soos dit deur die godsdienstige leraars onder die Jode geleer is. Hulle het ‘die leerstelling van mense’ in ‘gebooe van God’ verander. Hulle het die gebooe van God losgelaat en aan die oorgelewerde gebruike van mense vasgehou (Markus 7: 7-8).

Maar die dissipels van Jesus Christus het ’n juk wat sag is en ’n las wat lig is gekry om te dra (Matteus 11:28-30). Die juk van Jesus is ’n verwysing na die gebod van die liefde en dit wat Jesus hulle geleer het. Die Joodse Wet moes met menslike krag en inspanning onderhou word en dit het onmoontlike geblyk. Maar die gebod van liefde word onderhou m.b.v. die krag en wysheid van die Heilige Gees wat in die hart van Christene woon (Romeine 5:5).

Jesus se dissipels was nie langer slawe van die Wet en die wetgewers (die Skrifgeleerdes en Fariseërs) nie, maar het vriende geword van die Wetgewer (Jesus Christus). Hy het die vereiste geregtigheid van die Wet en die skaduwees van die rituele wette vervul (Matteus 5:17), die skuldbeuys van die Wet tot niet gemaak (Kolossense 2:14) en die bepalinge van die rituele wette opgehef (Efesiërs 2:15). Die dissipels van Jesus Christus was nie langer slawe van mensgemaakte godsdienstige wette, reëls en tradisies, wat geen mens kon onderhou nie. Hulle het vriende geword van Jesus Christus en het hulle met volle oorgawe gewy aan Jesus Christus en sy taak op die aarde. Die slawe van die wet hou hulle die hele tyd besig met die godsdienstige wette, maar die dissipels van Jesus Christus hou hulle die hele tyd besig met die uitbreiding van die koningskap van Jesus Christus.

15:13-15

#### Vraag 4. Hoe maak ek vriende en hoe behou ek vriende?

**Aantekeninge.** Jesus noem mense vir wie Hy sy lewe selfopofferend as ‘n plaasvervangende offer gegee het “my vriende”. Mense wat sy gebooe bewaar noem Hy sy vriende. En Hy noem mense aan wie Hy alles vertel wat Hy van God die Vader geleer het “my vriende”. Johannes 15:13-15 leer ons drie belangrike beginsels oor christelike vriendskap.

(1) Vers 13 leer die eerste beginsel van christelike vriendskap:

Jy maak vriende deur iemand anders op ’n selfopofferende wyse lief te hê.

Moenie vir iemand wag om jou vriend te word nie. Neem die inisiatief en máák vriende! Partykeer sal jy in die wêreld hoor, “Wie wil my vriend wees?” Maar ’n Christen sal eerder vra: “Vir wie kan ek ’n vriend wéés?” Jesus het die inisiatief geneem en het vriende gemaak met mense wat vroeër sy vyande was. Christene behoort sy voorbeeld na te volg en selfopofferende liefde aan liefdelose mense te toon. Hulle behoort vriendelikheid te bewys aan onvriendelike mense. Hulle behoort ook met eensame mense om te gaan. Só kan hulle ook hierdie mense by Jesus Christus uitbring.

(2) Vers 14 leer die tweede beginsel van christelike vriendskap:

Jy behou vriend deur hulle op te trek na waar Jesus wil hê dat hulle moet wees.

Dit gebeur dikwels dat vriende in die wêreld mekaar aftrek na onder toe na hulle eie lae standarde en wêreldse lewensstyl. Maar christelike vriende trek mekaar op na die standaard van gehoorsaamheid aan Jesus Christus en sy lewensstyl. Egte vriendskap kan alleen bestaan en bloei in ’n atmosfeer van liefde vir Christus en sy bevele en van liefde vir mekaar. Vriende in die wêreld dink dat hulle hulself moet verlaag na die waardes en gedrag van hulle sogenaamde “vriende” ten einde deur hulle aanvaar te word. Maar christelike vriende weet dat hulle die waardes en leefstyl van andere moet beïnvloed ten einde sinvolle en blywende vriendskappe te hê. Christene maak vriende, nie deur aan wêreldse mense gelyk te word nie, maar deur mense te verander sodat hulle meer soos Jesus Christus sal word.

(3) Vers 15 leer die derde beginsel van christelike vriendskap:

Jy verdiep vriendskap deur wat jy van God geleer het met hulle te deel.

Moenie net gesels oor materiële dinge en die nuus van die dag nie. Praat oor God, Jesus Christus, die Bybel en die dinge wat jy elke dag leer. Die mense in die wêreld is soms bang om oor geestelike dinge te praat, omdat hulle niks of baie min daarvan weet. Maar Christene moet hulle help om geestelike waarhede self te ontdek en wel op so ’n wyse dat hulle nie in verleentheid gebring word nie.

Dus is ek 'n ware vriend vir iemand anders as ek die inisiatief neem om hom op 'n selfopofferende wyse lief te hê; hom optrek na die standarde en grense van God se bevele en wanneer ek vrymoedig met hom deel wat ek van God geleer het.

#### STAP 4. DOEN.

#### TOEPASSINGS

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

**Deel en teken aan.** Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Johannes 15:13-15 neer.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

**Teken aan.** Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is 'n lys van moontlike toepassings.)

#### 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 15:13-15.

- 15:13. Neem die inisiatief en maak vriende met iemand wat jou teenstaan, of iemand wat eensaam is, of iemand wat liefdeloos en verlore is.  
15:14. Trek al jou vriende steeds omhoog na die standarde en grense van die gebooe en onderrig van Christus.  
15:15. Deel dit wat jy van God uit die Bybel geleer het met jou vriende.

#### Moontlike toepassings uit Spreuke.

- 12:26 Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur 'n vriend.  
13:20. Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid.  
16:28. Iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende.  
17:17. Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood.  
18:24. Wie baie vriende het, raak gou geruïneer; maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.  
19:4. Rykdom vergader baie vriende; 'n arm mens word van sy enigste vriend vervreem.  
19:6. Elkeen is die vriend van iemand wat (omkoop)geskenke uitdeel  
19:20. Luister na raad, aanvaar wat jou geleer word, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê.  
19:25. As jy 'n verstandige mens straf, word hy nog verstandiger.  
20:19. Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; bly weg van iemand wat baie praat.  
22:11. Wie opreg is en vriendelik praat, het selfs die koning tot vriend.  
22:24-25. Moenie vriende maak met 'n opvlieënde mens nie, moenie saamgaan met een wat kort van draad is nie dat jy nie miskien sy maniere aanleer en in lewensgevaar beland nie.  
23:20-21. Moet jou nie ophou met suiplappe en vrate nie, want die suiplap en vraat word arm, dronkenskap laat jou in vodde loop.  
24:1-2. Moenie slegte mense beny nie, moenie by hulle wil wees nie, al waaroor hulle dink, is geweld, en al waaroor hulle praat is moeilikheid maak.  
26:4-5. Moenie 'n dwaas se vraag op net so 'n dwase manier beantwoord nie; hy sal dink jy is soos hy.  
26:9-10. 'n Spreuk in die mond van 'n dwaas is soos 'n doring in die hand van 'n dronk man.  
27:5-6. 'n Openlike bestraffing is beter as liefde wat onsigbaar bly. Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene.  
27:10. Moenie by 'n vriend wat al jou pa se vriend was, verbygaan na jou broer se huis toe as jy moeilikheid het nie; 'n buurman wat naby is, is meer werd as 'n broer wat ver is.  
27:17. Soos yster mekaar slyp, so vorm vriende mekaar.

#### 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings.

Die evangelie van Johannes leer my hoe om vriende te maak. Ek moenie wag nie op iemand om my vriend te wil wees nie, maar self die inisiatief neem om 'n vriend te wees vir 'n ander. Ek wil graag meer leer oor selfverloëning en selfopoffering. Ek gaan die boek Spreuke bestudeer wat my baie oor vriendskap leer. Ek wil die woorde selfverloëning, selfopoffering en selfbeheersing onthou.

Ek wil my verantwoordelikheid as vriend bly ontwikkel. Die evangelie van Johannes leer my om my vriende op te trek na die standarde en die voorskrifte van Jesus Christus en hulle aan te spoor om Jesus Christus te leer ken en Sy voorskrifte en onderrig te gehoorsaam. Die boek Spreuke leer my om my vriende te slyp, sodat hulle hul beste vir God en ander mense kan word. Ek wil die woord "invloed" onthou. Ek wil my vriende beïnvloed met wat reg is in God se oë en met wat vir hulle die beste is.

#### STAP 5. BID.

#### REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Johannes 15:13-15.

(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	---

**Gaan voort om te bid** in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE LES
---	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Johannes 15:13-15 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Handeling 8:1 – 11:18. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Memorisering.** Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (2) Woord. Matteus 4:4. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie voorbereiding in.